# Die Sabbat

Die sekte hou vas aan die letter van die wet en dweep met die woord *sewende* in die vierde gebod (Ex. 20 : 10), met die gevolg dat dit feitlik die kern van die saligheid word. Wat leer die Woord van God oor die Sabbat?

## I. Die Sabbat in die O.T.

Die Sabbat in die O.T. – betekenis is spesifiek vir die Joodse volk bedoel en is vir die N.T. – gelowiges as sulks kragteloos en waardeloos, behalwe in sy geestelike betekenis.
Die woord Sabbat in Hebreeus beteken nie Saterdag nie, maar *rus, ophou met werk.*

*God rus* op die sewende dag (Gen. 2 : 2,3) van al sy werk. Hierop beroep die sekte hom sterk, maar versuim om te sien dat (a) hier *geen melding gemaak word* van die naam van die eerste dag waarop God begin het of die sewende dag waarop Hy gerus het nie. Die sewende dag kon dus *enige dag gewees het*; (b) die *sonnestelse*l wat dae en nagte indeel, eers op die vierde dag geskep is. Ons weet dus van die eerste drie dae se lengte niks – dit kon dae, dit kon tydperke gewees het; (c) God se rusdag wesenlik verskil van ons rusdag. Sy rus bestaan in die opbou met *skeppingswerk* en sy rusdag, die sewende dag, het geen einde nie, want dit bestaan nie in *niks doen* nie, maar in die *onderhouding van die skepping.* God se Sabbatdag is sy v*oorsienigheidsdag*. Dat dit voortduur, bewys die feit dat daar nie ook van die sewende dag gesê word "en dit was aand en dit was môre"nie. Dus, as gedagte van RUS staan meer op die voorgrond as die besondere dag; (d) dat selfs in Ex. 20 nie die naam van die dag gegee is nie, maar hoofsaak bly om te rus soos God die voorbeeld gegee het ná ses dae se werk (vgl. Rom. 14 : 3-8)

***Wanneer is die Sabbat ingestel?***

(a) Van '*n instelling* van die Sabbatsgebod is daar geen spoor te vinde tussen die Paradys en kort voor Sinai nie (Ex. 16). Eers 2,500 jaar ná die skepping word van die Sabbatsonderhouding gepraat in Ex. 16.
(b) Tot *aan die sondvloed* vind ons geen *bevel* tot Sabbatsviering nie. In Gen. 9 word aan Noag as die tweede stamvader van die ganse mensdom gebooie gegee, maar geen Sabbatsbevel nie.
(c) Ook *ná die sondvloed* word geen melding gemaak van Sabbatsviering nie. Ons vind in die Woord van God 'n volledige verslag aan die godsdiensgebruike by die aartsvaders (Noag, *Abraham, Isak, Jakob, Josef e.a.) in verband met tiendes ens., maar noot word eén enkele woord gesê oor die viering van die Sabbat nie*. As Sabbatsviering so noodsaaklik was as die wat die Sabbatariërs te kenne gee, sou God

beslis vir Adam, Abraham of iemand iets daarvan gesê het. (vgl. Deut. 5 : 2,3).

(d) Abraham ken *gee Sabbatsgebod* nie – al beweer die Sabbatarieërs dit na aanleiding van Gen. 26 : 5. " Gebooie" hier is nie identies met die tien gebooie nie, maar slaan op die gebooie, bevele van god aan hom in Gen.12 :1; 17:1; 17 : 9-14.
Eers 430 jaar later ná Abraham het die wet, die tien gebooie, gekom (Gal. 3 : 16,17).

***Eers by Sinai***

(a) Eers in Ex. 16 : 23-29 kry ons die *instelling* van die Sabbatsgebod. Dat dit hier heeltemal iets nuts was, blyk uit Moses se woorde as opdrag van God (vs. 23), uit die feit dat hulle op *Gods bevel rus* (29,30) die volk se onbedagsame oortreding (26,127). Die opdrag in verband met die manne-insameling tan tereg beskou word as die *voorbereiding* vir die Sabbatsgebod op Sinai.

(b) Eers in Ex. 20, Deut. 5 geskied die vasstelling daarvan by die gee van die Tien Gebooie.

(c) Dat dit *eers in die woestyn by Sinai geskied het* word bewys deur.

(i) Ex. 20 : 8 waar vir die eerste keer in die Woord van God spreke is van Sabbatsviering.

(ii) Deut. 5 : 2-3 wat praat van die verbond by Horeb, wat nie vroeër gemaak is nie, d.w.s. die gees van die tien gebooie.

(iii) Nehemia 9 :13-14 wat sê dat God die Sabbat eers Sinai bekend gemaak het.

(iv) Eseg. 20 : 10 – 12 wat die gee van die Sabbat in die woestyn bepaal. Voor die tyd was die Sabbat nie onderhou nie.

(v) Deut. 5 : 5 se besondere rede waarom Israel moet Sabbat vier, geld nie voor hier by Horeb nie.

***Vir wie is die O.T. Sabbat ingestel?***

Dat die Sabbat in *Sy ou Testamentiese* vorm alleen vir die volk Israel ingestel is blyk hieruit:

(i) Die Sabbat *as verbondsteken* geld geen ander volk
(Es. 31 : 16,17; 34: 21,27)

(ii) *As herinnerings dag* aan die verlossing uit Egipte geld dit alleen een volk, nl. Israel (Deut. 5 : 15).

(iii) God spreek telkens alleen met en van die Joodse volk: Eseg. 20 : 12, "aan hulle:, Ex. 31 : 13, "kinders van Israel", Ex. 31 : 16, hul nageslag, ens., ens.

(iv) By Sinai was alleen Israel teenwoordig en daarna het nooit enige ander volk die gebod in hierdie betekenis ontvang nie (Ex. 20 : 8-11; Neh. 9 : 13-14; Eseg. 20 : 10-20).

(v) *As teken* geld dit alleen "Tussen My en *julle en julle nageslagte*, sodat die mense kan weet dat Ek die Here is wat julle heilig." Dit was dus spesifiek Israelieties (Ex. 31 : 13).

(vi) Is die Sabbat dan nie 'n ewige insetting nie? Vra die Sabbatarieërs . As dit om daardie rede deur hulle onderhou word, moet hulle konsekwent wees om die ander "ewige insettinge ook te onderhou soos die Groot Versoeningsdag, die Loofhuttefees, die besnydenis, die Paasfees (Lev. 23: 27,31,41; 24: 3; Gen. 17 : 13; Ex. 12: 14).

(vii) Die onhoubaarheid van die O.T. Sabbatsviering onder die Nuwe Testament bewys die feit dat selfs die Sabbatarieërs nie al die Sabbatsbepalings uitvoer nie, soos geen vuur aansteek (Ex. 35 : 3), geen hout optel (Num. 15 : 32-35), en dit was strafbaar met die dood (Ex. 35 : 2), geen kos kook (Ex. 16 :23), geen reis onderneem E. 16:29). Hulle is verplig om dit te hou, "*soos die Here jou God jou beveel het*" (Deut. 5 : 12) maar hulle probeer dit ontduik deur tussen die seremoniële en die sedewette na willekeur te onderskei.

*Konklusie*. – Uit bostaande is dit duidelik dat die O.T. Sabbat vir die Christus-gelowige waardeloos *sonder betekenis en sonder bindende geldigheid* is. Dit was niet vir Israel bedoel om dit so wetties en letterlik te hou. Vir ons wys dit net heen na 'n betere, 'n ander rusdag onder die Nuwe Verbond.

## II. Sabat en die Nuwe Testament

Die N.T. leer die minderwaardigheid, die onnodigheid en die verdwyning van die O.T. Sabbat as ons op die volgende let:

(i) Jesus se voorbeeld. – Die Sabbatariërs steun op Jesus se voorbeeld van Sabbat-onderhouding (Luk. 4 : 16). Goed so was dit maar toe die aangewese tyd aangebreek het, het Jesus as *Heer van die Sabbat (Matt. 12 : 8; Mark. 2 : 27) die letterlike Sabbatsgebod oortree deur ongeoorloofde* dinge wat deur die wet verbied was te doen (genesing van die man met die verdorde hand (Matt. 12 : 9-14), die lam vrou (Luk. 13: 10-17), die siek man van Bethesda (Joh. 5 : 1-16). ae gepluk ( Luk. 6 : 1-5) ens. Die Fariseërs het Hom veroordeel en gesê. : "Hierdie man kom nie van god nie, omdat Hy die Sabbat nie hou nie" Joh. 9 :16).

***Jesus die sondelose (1 Joh. 3 : 5). Kan tog geen sonde doen en sal geen bindende wet oortree nie,*** Jesus leer ons dus dat Hy nie die letter nie, maar die gees van die gebod uitlewe. Hy toon dat die Joodse Sabbatsgebod in die O.T. betekenis nie meer onder nuwe bedeling bindend is nie.

(ii) *Jesus lê nergens klem op die Sabbatsgebod* soos Hy sel met die ander gebooie doen nie (Matt. 5 : 28,34; Matt. 19 : 18.19 ens.).

(iii) *Paulus,* die gestuurde prediker beveel nergens sy hoorder die onderhouding van die Sabbat nie. Dit was ook nie eens 'n strydvraag soos die besnydenis nie (Hand. 15). Die oorbodigheid van die O.T. Sabbatsviering was reeds vanselfsprekend.

(iv) *Al die ander gebooie word in die N.T.* herhaal as bindend, maar nergens word die vierde gebod in sy Ou Testamentiese vorm en betekenis as nog *langer bindend herhaal* nie.
Eerste gebod: 50 keer (1 Kor. 8 : 4.10,19, en.).
Tweede gebod : 12 keer (1 Kor. 10 : 5,7 ens.).
Derde gebod : 4 keer (Matt. 5 : 34 ens. )
Vierde gebod : Nergens.
Vyfde gebod : 5 keer (Ef. 6 : 2, ens.).
Sesde gebod : 6 keer (Matt. 5 : 21-22, en, ).
Sewende gebod : 12 keer (Matt. 5 : 28,32, ens.).
Agste gebod : 6 keer (Ef. 4 : 28, ens.)
Negende gebod : 4 keer (Ef. 4 : 31 ens.)
Tiende gebod ; 9 keer (Kolos. 3 : 5, ens. ).
Die N.T. beskou *die Sabbat* in sy O.T. gedaante as verdwyn.

(v) Die *Sabbat* word in die N.T. 60 maal genoem, maar nergens word onderhouding *beveel* en oortreding van die Sabbat met straf gedreig nie, - *maar let inteendeel op die volgende* :

(vi) *Paulus verbied* die Sabbatsviering vir die Christus gelowige (Gal. 4 : 9,10) . As die gemeente dit hou, dan vrees hy dat hy tervergeefs aan hulle *gearbe*i het. Hy noem die onderhouding van die Sabbat "swakke en armoedige eerste beginsels: - dus die Christen onwaardig!

(vii) *Die Woord van God beskou* die O.T. Sabbat as 'n skaduwee wat verdwyn het (Kolos. 2 : 16,17). Die teksverband toon duidelik dat Paulus hier optrek een ketters wat die gelowiges weer na die Joodse insettinge wil terugvoer, (Lees vers 4,8, 11, 16, ens.).

(viii) Paulus hou *godsdiensoefening* vir die Christene op Sondag (Hand. 20 : 7), maar vir die Jode preek hy nog op hul dag van samekoms, die Sabbat (Hand. 13 : 14, 42, 44).

(ix) Deur die *kruisverdienste* van Christus is die wet afgeskaf as middel tot saligheid. Rom. 8 : 4; 10 : 4, 12 , 12 13; Gal. 3 : 24-25. Daarmee val ook die O.T. Sabbat weg.

(x) Heid. Kateg. – Sondag 38 vr. 103 beskou die Sabbat as afgeskaf. Ook die N.T. eis dus geen Saterdagviering nie.

## III. Die Sabbat deur Sondag vervang.

Die Sabbatariers beweer dat die verandering nêrens in die Woord van God te vinde is nie, en beskuldig ons van Roomse navolging aangesien die verandering die werk van 'n Roomse pous of Konstantyn in 321 sou

wees. Is dit waar? Was sê die Heilige skrif? En wat leer die kerkgeskiedenis? Die Bybel leer ons dat alle groot en belangrike heilsgebeurtenisse nie Saterdag die Christus in die graf was nie, maar op Sondag, sy opstandigingsdag, plaasgevind het, Wie het dan die Saterdag na Sondag verander ? Die Woord van God leer:

(i) *Sondag is deur Christus geheilig deur* (a) sy opstanding (Mark. 16 : 1-2); (b) sy verskyning aan die vroue, die dissipels en andere (Luk. 24 : 13-26; Mark. 16: 9-11; Joh. 20 : 21); (c) die uitstorting van die Heilige Gees op Sondag, vyftig dae na sy opstanding (Hand. 2 : 4) ; (d) sy opdrag aan die dissipels om die evangelie te gaan verkondig (Mark. 16 : 9-15; Joh. 20 : 21). (e) dit stigting van die Christelike kerk (Hand. 2 : 4).
Dit is almal gebeurtenisse wat beslis nie sonder rede op Sondag plaasgevind het. Die Saterdag is verbygegaan.

(ii) *Sondag is deur die apostel Paulus in navolging van sy Meester en Heiland onderhou as (a) dag van samekoms vir die gelowiges* (Hand. 20 : 7). (b) dag van afsondering van hulle offergawes (1Kor. 16 : 2) en (c) dag van sy prediking (Hand. 20 : 7).

(iii) Sondag word genoem, "die *dag van die Here*" (Op. 1 : 10).

*So het Sondag die belangrike en betekenisvolle dat vir die N.T. Kerk geword en die Joodse Saterdag vervang. Ook die Kerkgeskiedenis bevestig die feit dat die Sondagsviering van Christus en sy dissipels afkomstig is*. Baie jare voor die eerste pous daar was, was die Sondag reeds gevier en geheilig deur die Christene. Die algemene onderhouding daarvan in die eerste eeue kan teruggevoer word tot by die apostels. Barnabas (ongeveer 100 n.C) skrywe : "Ons hou die agtse dag met blydskap, die dag waarop Jesus verrys het van die dood." Justinus die Martelaar (140 n.C.) skrywe in sy Apologie : "Tertullianus (200 nc.) sê : Ons vier die dag ná Saterdag in teenstelling met diegene wat hierdie dat hul Sabbat noem."
Rev. D.M Canright wat 28 jaar lank 'n vooraanstaande Sabbatariër en prediker was, sê in sy boek "Seventh day Adventism renounced" "Ek het by die Sabbatariërs daarop aangedring om die tyd en plek te noem wanneer en waar die Sabbat deur die Pous verander is, asook die naam van die Pous en die feite in verband met so 'n verandering, indien dit ooit plaasgevind het. Vererg hierdeur het ouderling Waggoner die reuse taak onderneem. Meer flagrante voorbeeld van wanvoorstelling en verdraaiing is moeilik te vind. Uiteindelik het hy besluit op die konsilie Laodicea 364 n.C as die plek en die tyd toe die Sabbat verander is." Dan gaan Canright verder om met vers en kapittel uit die geskiedenis te bewys dat die Christus-gelowiges reeds lank vóór die uitvaardiging van die wet deur Konstantyn en lank vóór die bestaan van die Pousdom *die Sondag*

gevier het tot eer van die opgestane Christus, die Verlosser en Saligmaker.* Die outoriteit van die Sabbat vervanging is dus nie die Roomse pous of keiser Konstantyn nie, maar Jesus Christus self. Trouens, Konstantyn het alleen *offisieel tot wet* verklaar en geproklameer wat eeue reeds 'n *vaste gebruik onder die Christene was.*